Noordelike Sinode

# Taakspan Ekologie Vorderingsverslag

13 November 2024

1. **Opdrag**

Die taakspan se opdrag is om gemeentes te begelei om ’n sinvolle en volhoubare ekologiese inset in hulle gemeentes en gemeenskap te lewer. Dit word gedoen deur: elektroniese kommunikasie via die Verskil, navorsingstukke te lewer en fisiese insette by gemeentes en ringe lewer.

Die taakspan word gemotiveer deur liefde en verhoudings: God, mense en skepping.

2. **Taakspan**

Louis Lemmer, Paullet Grobler, Peet Crous (voorsitter en skriba), Tjaart Meyer, Willem Boshoff (verhuis intussen), Willem Ferguson, Willie van Heerden.

3. **Uitvoering van die opdrag**

3.1 **Stukke versprei**

3.1.1 Willem Ferguson: Elektrisiteit en water. Beskikbaar by die Gemeente Lynnwood

3.1.2 Willie van Heerden: Teologiese begronding en Seisoen van die skepping. Beskikbaar by die Sinodehuis.

3.1.3 Tjaart Meyer: Ekologiese werksaamhede in ’n gemeente.

3.1.4 Peet Crous: Dagstukkies in die Verskil.

3.2 **Praktiese raad**

3.2.1 Herwinning

Herwinning van batterye tot papier en papierverwante materiaal.

3.2.2 Gryswater

Gemeentes word aangemoedig om water van dakke in tenks op te gaar vir gebruik op tuine; om nie blombeddings te hark nie se voordeel is dat dit voghoudend is en voeding aan plante verskaf.

3.2.3 Elektrisiteit

Gemeentes word aangemoedig om hulle geboue so in te rig dat so min as moontlik elektrisiteit gebruik word.

3.2.4 Inheems

Gemeentes word aangemoedig om hulle tuine so inheems as moontlik in te rig. Aanplant van inheemse bome kan in samewerking met skole in die omgewing gedoen word. In ’n gemeente kan die aanplant van inheemse bome gepaard gaan met dope en die herdenking van afgestorwenes.

Sommige gemeentes bedryf ’n inheemse kwekerytjie.

3.2.5 Komende sitting van die Noordellike Sinode

Die taakspan sal graag aan die ontwerpspan voorstelle wil maak rondom die sinodesitting. Herwinning is ’n voorbeeld.

3.2.6 Samewerking tussen gemeentes/gemeenskap

Lynnwood en Monumentpark was behulpsaam met ’n projek om indringer plante in die Rietvleinatuurreservaat uit te haal.

Gemeentes stel hulle geboue beskikbaar vir omgewingsgroepe (bv. Friends of the Morelettaspruit).

3.2.7 So gifvry as moontlik

Gemeentes word aangemoedig om hulle terrein so gifvry as moontlik te bedryf.

## 3.3 **Spreekbeurt by ringvergaderings**

Waar moontlik het lede van die taakspan by hulle betrokke ringsittings vir ’n spreukbeurt rondom Ekologie gevra. By Suidoos-Pretoria het dit op sinvolle herwinning gefokus.

## 3.4 **Verskil**

Alle stukke vanuit die taakspan is via die Verskil beskikbaar.

## 4 Aanbeveling

Die SDR versoek die taakspan om sy werksaamhede voort te sit.

## 5 Slotwoord

*"Nobody made a greater mistake than he who did nothing because he could only do a little."*